Laerskool Gene Louw | 4 September 2026 | Uitgawe 11/2026

# BULLETIN



**Dis heerlike lente!** Soos die weer die afgelope tyd stadigaan warmer word, is ons leerders gretig om die meeste te maak van die welkome sonskyn tydens pouses.

## GENIES HOOGTEPUNTE


- Sportsamevatting
- Kultuurnuus
- Personeelkonsert




## UIT DIE SKOOLHOOF SE PEN

Beste Ouers en Voogde

In Augustus het ons die rol van vroue in ons samelewing gedenk. Vrouemaand bied aan ons die kans om dankie te sê aan al die vroue wat 'n onskatbare bydrae tot ons gemeenskap lewer.

Ek betuig dus my dank – liewer laat as nooit – aan ons vroulike opvoeders wat veel meer doen as onderrig gee. Hulle skep 'n veilige, sorgsame leeromgewing en sien die kinders raak wat ekstra hulp benodig. So ook ons toegewyde administratiewe personeel wat met vriendelike professionaliteit verseker dat die skool se daaglikse werksaamhede glad verloop. Voorts sorg ons onder-steunings- en terreinpersoneel met trots dat die skoolomgewing netjies en veilig is. Elkeen se werk word raakgesien en waardeer.

Dan, aan elke ma, ouma, tannie en voog: dankie vir die ondersteuning en liefde wat julle ons leerders daagliks gee. Julle lê die grondslag vir hul ontwikkeling neer.

Sterkte aan alle leerders, personeel en ouers vir die res van die kwartaal.

## Die impak van 'n pa

'n Spesiale aand vir al ons pa's word op Dinsdag 8 September om 18:30 in die skoolsaal aangebied. Ons nooi alle pappas uit na hierdie besonderse geleentheid waarmee ons beoog om 'n beweging te begin wat die harte van ons gesinne sal raak, gesinsbande sal versterk en geloofswaardes binne ons huishoudings sal bevorder.

Dit beloof om 'n inspirerende program van nadenke, bemoediging en kameraadskap te wees. Kom vorm deel van 'n betekenisvolle inisiatief waarby ons gesinne en gemeenskap sal baat! Kliek **hier** om te registreer.





## Uit die personeelkamer

**Mev. Annemarie de Beer** het onlangs by die finansieskantoor aangesluit. Alles van die beste!

Einde Augustus het ons afskeid geneem van twee gewaardeerde assistente: **mnr. Christiaan Lamprecht**, wat 'n betrekking in die privaat sektor aanvaar het, en **mev. Charné Theunissen**, wat geëmigreer het. Beide sal onthou word vir hul betrokkenheid en hulpvaardigheid.

In mnr. Lamprecht se plek het ons vandeesweek vir **mnr. Dylan Visagie** verwelkom. Mag hy sy tyd by ons skool leersaam vind.




**Syferslim** Hanro Strydom, links, en Wilhelm van Rensburg het bewys dat hulle vir geen som terugstaan nie.

## KULTUURHOEKIE

- Hanro Strydom en Wilhelm van Rensburg het op 28 Augustus aan die **Metro-Noord 24 Sum More-wiskundekompetisie** deelgeneem. Hanro het tweede geëindig en Wilhelm was derde. Dit was 'n eerste vir ons skool en 'n positiewe ervaring!
- Hartlik geluk aan albei ons kore wat op 29 Augustus in die eindronde van die **Tygerberg Eisteddfod-koorfees** meegeding het. Die junior koor het 'n tweede plek behaal met 93,7% , en die senior koor is as kategoriewenners aangewys met 'n rekordpunt van 96,8%.
- Ook op 29 Augustus het nege van ons leerders aan die finale ronde van die **FAK-Geskiedenisolimpiade** in Paarl deelgeneem en uitstekend gevaar. Sanri van Hoving was die algehele wenner in die Wes-Kaap in die Gr 4-afdeling; Lara de Wit behaal 'n tweede plek in die Gr 5-afdeling; Etienne Greeff haal die topdrie in die Gr 6-afdeling; en Lené Gey van Pittius was die algehele wenner in die Gr 7-afdeling. Knap gedaan!
- Vandeesweek is 'n keur van ons toppresteerders tydens die **Eisteddfod "Showcase"** die geleentheid gegee om hul items weer voor te dra of uit te voer. Dit was 'n uiters moeilike taak om die program saam te stel, aangesien soveel van ons leerders merkwaardige prestasies gedurende die eisteddfod-seisoen behaal het. Ons is trots op elkeen se deelname en bedank die betrokke personeel vir hul passievolle werk.




**Goue meisies** Die o/11A-netbalspan het Dinsdagaand skoonskip gemaak by die Marius Schoeman-toernooi.

## SPORTSAKE

Met die wintersportseisoen grootliks agter die rug bedank ons al die afrigters, bestuurders en spelers vir hul toewyding en harde werk. Dankie ook aan u as ouers vir u ondersteuning, hulp met vervoer en aanmoediging langs die kantlyn. U bydrae tot die sukses van ons sportkultuur bly onmisbaar.

Somersport vir leerders in Gr 1-2 begin op 14 September, en diegene in Gr 3-7 trek aan die begin van Kwartaal 4 op 7 Oktober los.

➔ Kliek hier vir die jongste **rugby-**, **netbal-**, **hokkie-**, **bergfietsry-** en **skaakuitslae**.



## Die gordyn lig binnekort...

Ons talentvolle personeel bemeester nie alleen die daaglikse uitdagings van onderrig, administrasie en afrigting nie – hulle berei tans ook hard voor vir die **personeelkonsert** wat op 21 en 22 September in die saal aangebied word.

Ouers en leerders kan uitsien na puik vermaak, onvergeetlike oomblikke en hope pret. Daar is slegs enkele kaartjies oor – moet dit nie misloop nie. ■